# SIRKELFLITS

2024 : 2

JULIE 2024



BOOMSTAM BY KLEIN ROOSBOOM, DISTRIK DURBANVILLE
Fotograaf: Chrisna Smuts

**ONTHOU SOMERFEES & VEILING**

**9 NOVEMBER 2024**

# LEEF DANKBAAR

Terblanche Jordaan



Dit is seker omrede ek in die Winter gebore is dat ek so baie van hierdie seisoen hou.

Die Kaap is op haar mooiste in die Winter en ek hou daarvan om knus aan te trek met bredies en rooiwyn wat die lyf en siel verwarm. Dit is ook so dat ek myself baie meer kreatief voel in die Winter.

Ons temas en weeklikse Broodjies vloei *effortlessly effortless* as die Winter kom, waar dit maar taai gaan in die hitte van die Somer. Dit is maar hoe dié Herder aan mekaar gevleg is.

Vir baie mense, miskien self die meeste, is die Winter 'n koue seisoen wat ons eie gemoed van hunkering na die son (die Lig) net groter en meer intens maak. Dit is my vermoede dat dit meer daaroor gaan dat ons as moderne mens vanweë ons gemaksone nie meer weet dat ons, net soos Moeder Aarde, die Winters nodig het om voort te bestaan. Daar móét 'n seisoen wees van refleksie en introspeksie, meer hibernasie en rus, om ons voor te berei vir die uitdagings wat die Somermaande voor ons lê.

Die emosionele en spirituele winters van ons lewe simboliseer 'n tydperk van isolasie en afsondering. Dit hoef nie eensaamheid en onsekerheid te wees nie, maar juis 'n tyd om weer te fokus op ons eie vernuwing. Winter is 'n tyd vir so klein bietjie meer *self-care* waar ons met geduld en veerkragtigheid leun op hulle vir wie ons lief is en wat vir ons lief is.

Maak hierdie Winter weer tyd om die Stem van die Siel te hoor. Leef meer dankbaar dat ons nie net fisies in ons luuksheid beskud is teen die koue en reën nie, maar ook geestelik veilig en geborge is teen die storms van die lewe.



Wintergroete uit Tamboerskloof
Terblanche

## GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL

*Terblanche Jordaan*

*Ons het hierdie jaar weereens twee wonderlike Saterdagoggende op 11 & 18 Mei 2024 gehad waar elke Saterdag ongeveer 27 mense van Abraham tot by Jesus saam kom reis het .*

*Daar was beide Saterdae 'n lewendige gesprek met vrae en saam soek na antwoorde van mense se eie unieke ervaring van die Bybel.*

*Die doelwit van die Werkswinkel is*

- *enersyds 'n oorsig te gee van hoe die Bybel tot stand gekom het;*
- *wat die kultuur-historiese agtergrond is van elke literêre genre in die Bybel*
- *maar andersyds om ook mekaar weer te inspireer om met nuwe oë die ou tekste te gaan lees*
- *en die inspirasie daaruit te hengel wat vir ons as Christene die basis is van ons geloof.*

*Veral die tweede Saterdag wat spesifiek handel oor die Nuwe Testament, is daar altyd groot waardering om met die hulp van soveel moderne Bybel-wetenskaplikes die konteks, inhoud, en betekenis op 'n manier oor te dra sodat dit vir ons as Christene van die 21ste eeu 'n bevestiging waarom ons hierdie tradisie volg.*

*Ons maak volgende jaar weer so!*

# ***JESUS VAN NASARET*** *(2009)*

## SAKKIE SPANGENBERG

Izak (Sakkie) Spangenberg het in Germiston grootgeword en daar aan die Hoërskool Goudrif gematrikuleer. Hy is in sy sewentigs

Hy doen verpligte militêre diensplig (1970) en voltooi sy aanvanklike teologiese studie aan die US en word in 1977 as proponent in die NG Kerk gelegitimeer. Hy verwerf 'n meestersgraad in Semitiese tale en sy doktorsgraad met Prediker as studieveld. Hy het 10 boeke op sy kerfstok en meer as 60 navorsingsartikels wat in óf vaktydskrifte óf boeke gepubliseer is. Hy word in 1979 lektor in Bybelkunde aan die RAU en in 1987 professor in Ou Testament by Unisa wat in 1999 aan hom die Kanseliersprys vir navorsing in die Fakulteit Teologie en Bybelse Godsdienste toegeken het. Hy is dus deeglik onderleg oor die inhoud van die Bybel, maar ook in al die Bybelse godsdienste – dit kom baie duidelik na vore in hierdie boek.

Hy is bekend vir sy openlike liberale sieninge. Hy ervaar dat veral die Ou Testament dikwels in die kerk "verchristelik" word en vra dan die vraag: "Wat staan régtig daar?"

Sy siening oor die Christendom se verhouding tot ander godsdienste lei tot 'n klag van leerdwaling waarin hy onskuldig bevind word.

Hy word een van die sentrale figure in die debat oor die Nuwe Hervorming en hy is medeskrywer van die boek *Die Nuwe Hervorming* (Desember 2002).

Hy bevraagteken onder andere die leer oor die Drie-eenheid en dit besorg hom 'n tweede klag van leerdwaling.


Ná talle gesprekke met die Ring van Lyttelton, bedank hy in 2004 as gelegitimeerde en as lidmaat van die NG Kerk, maar sit sy werk by Unisa voort.

Dus was die NG Kerk nie "in staat" om hom af te dank nie, ten spyte daarvan dat hy essensiële Bybelwaarhede verwerp het.

Hy het aan die einde van 2016 afgetree, maar doen steeds navorsing en fokus hoofsaaklik op die verstaan en uitleg van die Bybel.

Verder interesseer die ondersoek na die historiese Jesus hom, en wanneer hy 'n ledige uurtjie het, lees hy graag daaroor.

Dit is 'n omvattende boek waaraan Spangenberg tien jaar gewerk het.



**Edward Smuts het die boek deur Sakkie Spangenberg *"Jesus van Nasaret"* op 3 Junie 2024 by die Boekgroep bespreek.**
**Dit is 'n verkorte weergawe.**

Dit word steeds beskou as waarskynlik die mees omvattende hedendaagse inleiding tot die kritiese Bybelwetenskappe van die laaste twee of drie dekades wat al in Afrikaans verskyn het. Dit is die popularisering van 'n gesprek wat dekades lank onder Bybelwetenskaplikes en progressiewe teoloë gevoer word, maar nie juis aan kerklidmate bekend gestel is en word nie..."

Wat Spangenberg regkry is om eers die lesers bewus te maak van die 'bril' waarmee die Bybel gelees word, om dit raak te sien – daardie dogmatiese bril waarvan die kerk van vroeg af ons sienings gevorm het.

Eers met die kinderbybelperspektief, dan die sondagskoolperspektief en dan die katkisasieperspektief en vandag steeds in kerke tydens eredienste gepropageer word.

Die fokus van hierdie 'bril' is die 'meesterverhaal van die Westerse Christendom' wat steun op die Evangelie van die sonde, die kruis en die verlossing.

Spangenberg help jou om hierdie dogmatiese bril af te haal, en na die Bybel te kyk met Bybelwetenskaplike oë. Hy gebruik verskeie Bybelboek uit die OT en NT om te toon hoe dit gebruik is om die meesterverhaal te ondersteun deur elke boek binne sy historiese en sosio-kulturele konteks te plaas.

Die Christelike tradisies (soos ons dit vandag ken) wat rondom Jesus ontwikkel het, het eers in die eerste eeue na sy dood beslag gekry. Dogmatiese uitsprake is gemaak oor sy aard, sy wese en sy werk.

Spangenberg wil Jesus van hierdie dogmas bevry, Hom terugplaas in die Joodse wêreld waarvandaan Hy kom, en sodoende ons help om Jesus en sy wêreld beter te verstaan.

Die belangrikste bydrae van hierdie boek is dat dit die uiters belangrike insigte van die Bybelwetenskappe op 'n verstaanbare wyse toeganklik maak en sodoende help met die gesprek tot sinvolle soeke na 'n eietydse spiritualiteit.

Dokters, leerkragte, ingenieurs, inligtingstegnoloë moet bybly met die ontwikkelinge in hulle velde in die wêreld – hoekom nie predikante nie?



Bo: My kantoor toe die bed aan my rug vasgeplak was. So kon ek voortgaan om my werk vir Neo-Spektrum te doen

## BOEKGROEPPROGRAM

Die Boekgroep is al in die 11de jaar van bestaan en het reeds 92 keer vergader. Daar is so tussen 8 na 12 lede wat gereeld bywoon. Die program vir die res van die jaar is soos volg:

**5 Augustus - Bekendstelling van boek**
**2 September - Bekendstelling van boek**
**7 Oktober - Bekendstelling van boek**
**4 November - Feite, Fiksie & Fabels**
**7 Desember - Afsluitingsfunksie.**

Op 4 November is al die lede aan die woord met iets wat hulle wil deel. Een lees 'n gedig, 'n ander lees 'n artikel of deel 'n interessante ervaring met die groep, ensovoorts. Die vorige FFF op 6 Mei 2024 was baie suksesvol; elkeen het iets met die groter groep gedeel .

Kom gerus en sluit aan -
Edward Smuts 082 788 1824
Lydia le Roux 084 751 5401

## WAT MAAK 'N MENS AS 'N BED AAN JOU RUG VASGEPLAK IS?

**Edward Smuts**

Het julle al ooit gevoel of 'n bed aan julle rug vasgeplak is!? Ek het dit ervaar.

Iemand het teenoor my die stelling gemaak dat na jou rugoperasie gaan jy voel asof die bed aan jou rug vasgeplak is. Dit was nie baie bemoedigend nie, maar wel so 'n akkurate beskrywing!! Was dit nie vir die mediese personeel in Durbanville Medikliniek met klem op die fisioterapeute het die bed seker nog aan my rug vasgesit. Ek het daar agtergekom hoe sterk fisios in hulle arms is!!

My dogter, Hannalie Wendel, het my op 13 Maart 2024 om 05:30 by die hospitaal ingeboek. Ek is met haar aan my linkerkant en 'n kierie in my regterhand tot by my bed. Ek kon doodeenvoedig nie meer op my eie tot daar loop nie.

Ek is 07:30 na die teater waar hulle 7 uur met my besig was. Beenoorplantings en 8 skroewe later was ek vir twee dae in intensiewesorg en nog sewe dae in 'n gewone saal. Na die tyd moes ek uitvind hoe deurmekaar ek vir 5 dae was en gehoor watter nonsens ek alles kwytgeraak het - natuurlik tot groot vermaak van die toehoorders.

Die talle goeie wense vir die operasie was oorweldigend. Verder is ek ongelooflik dankbaar vir die vaardigheid en presiesie van die medici wat met my gewerk het om die beste moontlike uitkoms vir my sou verseker. **Met hierdie skrywe gaan my dank uit teenoor al die vriende se goeie wense en hierdie medici!!!** Die ortopeed bel vir Chrisna uit die teater om te sê dit het goed gegaan, maar langer geneem omdat my beenstruktuur so hard is. Haar antwoord was dankie, maar ek weet want sy kop is net so hard. Ha! Ha! vir my liewe vrou wat my regterhand en linkerhand vir die herstelperiode was. **I salute you!!**

Alhoewel die herstelpad (18 maande) lank is, is ek baie dankbaar dat ek weer op my eie kan loop en elke dag sterker word en my balans stelselmatig terugkom soos my senuweestelsel stadig, maar seker herstel.

Op 77 het die fisios my geleer hoe om uit 'n bed op te staan; dus sit die bed nie meer aan my rug vas nie!!




# ONS BOEKEHOEK

**Lize-Mari du Plessis**




Soos in die vorige Sirkelflits belowe, is daar weer drie boeke wat ek wil bekend stel. Ek hoop julle sal dit geniet!

## 1. A Man Called Ove geskryf deur Fredrik Backman *(Vertaal uit die Sweeds: En man som heter Ove)*





Ontmoet vir Ove: 'n baie nors en partykeer net gewoon ongeskikte wewenaar wat oor die algemeen niks hou van mense nie. Almal is volgens hom idiote en sukkelaars. Ove het genoeg gehad en voel hy wil 'n einde maak aan sy lewe, maar elke keer gebeur iets wat hom verhoed om dit reg te kry. Ten spyte van sy baie moeilike en bot persoonlikheid, vorm Ove noue bande met mense wat lief word vir hom nes hy is. Hy dra op sy eie manier by tot die gemeenskap en vind betekenis in sy lewe. Die karakterontwikkeling in hierdie boek is ongelooflik mooi, ook omdat Ove nie noodwendig ontwikkel in 'n vriendelike karakter nie. Jy as leser ontwikkel in die manier hoe jy na Ove kyk en lief raak vir die karakter met sy norsheid en al. Jy gaan lekker lag, maar kry ook maar die snesies reg…ek kon paar dele van hierdie boek nie lekker raak lees tussen die trane deur nie.

## 2. Eleanor Oliphant Is Completely Fine geskryf deur Gail Honeyman




Eleanor Oliphant is 'n meisie wat heeltemaal sosiaal wanaangepas is, tot die punt waar sy jou as leser laat voel die aarde moet julle albei liewer net insluk. Sy het nie 'n idee hoe om met mense te werk en te praat nie, en aanvanklik besef jy nie die diepte van die karakter nie… maar hierdie boek is beslis onvoorspelbaar en vol verassings rondom Eleanor en hoekom sy so optree. Eleanor Oliphant se storie is 'n sielkundige ontleding van 'n karakter soos ek nog nooit gelees het nie. Dis 'n boek wat jou daardie warm gevoel gee diep binne en sommer paar keer lekker laat lag. Die tema van sielsgesondheid en -genesing word op 'n baie mooi en unieke manier oorgedra. 'n Boek wat aanvanklik die gevoel skep van ligte vermaak, verander in 'n baie dieper verhaal wat jou altyd sal by bly.

## 3. Mythos: The Greek Myths Retold geskryf deur Stephen Fry'




Fiksie? Nie-fiksie? Ek het nie 'n idee nie, maar hierdie boek is vol wonderlike feite oor Griekse Mitologie. In my opinie vertel niemand hierdie verhale beter as die briljante Steven Fry nie. In Mythos kies Fry 'n hele paar van die bekende Griekse mites, en vertel dit oor op sy eie manier… natuurlik propvol humor: flymskerp, droog en Brits soos net hy kan.

Fry beskryf aan die begin van die boek: *'There is absolutely nothing academic or intellectual about Greek Mythology; it is addictive, entertaining, approachable and astonishingly human'*…ek het dadelik die boek gekoop.

Ek dink ons almal is in 'n mate bekend met Griekse Mitologie, maar Steven Fry sit dit in volgorde en weef genoeg detail deur die verhale om mens net 'n dieper kennis te gee oor hierdie wonderlike wêreld.

*Beautiful poem by Mário de Andrade (Sao Paulo 1893 - 1945) Poet, novelist, essayist and musicologist. One of the founders of Brazilian modernism*

## MY SOUL IS IN A HURRY

I counted my years and discovered that I now have less time left to live than I had lived until now.

I feel like the kid who won a pack of candy; He ate the first few with pleasure, but when he realized there were few left, he began to savor them deeply.

I don't have time for endless meetings where we discuss bylaws, rules, procedures and internal regulations, knowing that nothing will happen.

I no longer have time to put up with absurd people who, despite their chronological age, have not grown up.

My time is short to discuss titles. I want the essential, my soul is in a hurry...

**WITHOUT MANY SWEETS IN THE PACKAGE...**

I want to live next to human people, very human. Who know how to laugh at their mistakes, who are not vain of their triumphs. People who don't consider themselves elected before their time, people who don't try to escape their responsibilities.

I am looking for people who defend human dignity, people who only want to walk on the side of truth and honesty.

he essential is what makes life worth living.

I want to surround myself with people who know how to touch people's hearts*…People who have learned from the hard knocks of life to grow up with soft touches in their soul

Yes..., I am in a hurry..., I am in a hurry to live with the intensity that only maturity can give.

I intend not to waste any of the candy I have left... I am sure they will be more exquisite than the ones I have eaten so far. My goal is to arrive at the end satisfied and at peace with my loved ones and with my conscience.

We have two lives and the second one starts when you realize that you have only one......

**Share with all your friends over 40, 50, 60 or more...**

## ‘N MENS KAN, JY MOET NET WIL

Waar ‘n mens jou ookal in die lewe bevind, in jou woonbuurt, by die werk, in verenigings en sportklubs, is daar veral **twee groepe wat mens gou kan onderskei**. Hierdie mense maak ‘n blywende indruk op jou en beïnvloed almal om hulle.

Daar is die mense wat **altyd die lewe se soet beter proe as die bitter**; hulle wat hulle verlustig in die warm kleure van die herfsdae, wat armsvol van die plataan se gloeirooi blare optel en in ‘n glasbak op die tafel sit. Wanneer die lewe jou ‘n taai dwarsklap gegee het, sal jy by so ‘n vriendin ‘n koppie koffie gaan drink. ‘n Bietjie later stap jy weg met ‘n ligter hart.

Dan is daar diegene vir wie **die suurlemoene te suur en die lemoene te soet is**. Iets is aljimmers verkeerd. Herfsblare is ‘n jaarlikse irritasie, want oral lê die blare – die hele tuin lyk morsig. Jy is net ‘n kort rukkie in so ‘n iemand se geselskap en jou gemoed raak troebel. Tuis drink jy gou sterk koffie, net om jou bietjie woema te gee. My liewe ma was oortuig daarvan dat sulke mense selfs met die engel Gabriël sal foutvind.

**En tog ... mens kan verander.** Twee spreekwoorde word dikwels aangehaal wanneer verandering in gedrag ter sprake kom:

*Jakkels verander van haar maar nie van snaar*
*You can’t teach an old dog new tricks*

My antwoord hierop sal altyd bly:
**Ons is nie jakkalse of dogs nie.**

In standerd 9 lees ons ‘n bundel essays deur Audrey Blignaut: *Met ligte tred*. Vir die heel eerste keer hoor ek van die **profeet Habakuk** wat, ten spyte van die haglike situasie in sy land, die vyebome wat nie vrugte dra nie, die parskuipe wat leeg is, **sal jubel**.

Ons lees van Henry Thoreau wat aan sy droom vashou en al nader daaraan beweeg. Die plattelandse tieners maak kennis met Dostojewski se *Die droom van ‘n Belaglike Man* wat bevestig: *Al kan die Paradys nooit kom nie, al kan dit nooit bestaan nie, tog sal ek dit nog verkondig.*

In die afgelope dertig jaar het ‘n **nuwe perspektief in die Sielkunde** al hoe meer aandag begin kry: **die indiwidu het ‘n keuse** hoe hy op gebeure in sy lewe kan reageer. Jy kan nuwe denkpatrone aanleer. Jy moet net die wil hê. Indien jy ‘n Bitter Bertie of Gemartelde Martie is, kan jy leer om te sê: Al is my tuin verwoes, nogtans...

Vir iemand wat ook geneig is om die lewe bietjie swaarmoedig te benader, kan ek met vrymoedigheid sê:

**JY KAN AS JY WIL!** Chrisna Smuts

# NEO-SPEKTRUM & ATTIE VAN WYK PS




Die afgelope jare het Neo-Spektrum se uitreikaksies na slegs die gemeenskap rondom Durbanville verskuif. Daar is besluit om op twee terreine ondersteuning te bied.

**Eerstens** gaan NS voort om by Attie van Wyk PS 'n bydrae te maak, want die betrokkenheid by die skool strek al oor baie jare en het op verskeie maniere gehelp.

- Sedert 2018 het NS begin om drie beurse vir uitgawes vir talentvolle oud-leeders vir uitgawes by hulle hoërskool beskikbaar te stel. Die drie het reeds in 2022 al drie gematrikuleer.
- Vanaf 2023 is daar weer vir vier leerders finansiële ondersteuning vir hulle hoërskoolloopbaan gebied. Hulle is nou al vier in graad 9. Twee is by Durbanville Hoërskool, een by Scotsville Sekondêr, Kraaifontein en die ander een by Aquilla Hoërskool, Fisantekraal.
- Een van hierdie leerders het finansiële hulp nodig gehad om die skoolfonds te betaal. NS het 'n beroep op ekstra skenkings gedoen. Tot einde 2023 het daar oorgenoeg skenkings ingekom om die skoolfonds te kon betaal. Vanaf begin 2024 was daar egter 'n tekort en 'n verdere beroep het gehelp om die skoolfonds aan te vul.

**Tweedens** betaal NS ook salarisse by Attie van Wyk PS aan drie persone.

- Die leerkrag is baie vaardig in die onderrig van Afrikaans as Huistaal. Hy hanteer al die onderrig van Afrikaans in die Intemedieër en Senior Fases.
- 'n Klashulp se salaris word ook betaal. Die klashulp is werksaam in die klasse waar daar groot getal leerders teenwoordig is.
- Daar is ook 'n persoon wat met 'n kombinasie van take by die skool werksaam is, maar hy is grootliks betrokke by sportafrigting.

NS poog ook deurlopend om die primêre skole meer by sport betrokke te kry, want NS het 'n afsonderlike fonds waaruit daardie ondersteuning gebied kan word. Alle pogings val egter ongeluk-kig op dowe ore.

# Neo-Spektrum Jaarprogram 2024

| DATUM | PROJEK | INLIGTING |
|---|---|---|
| Deurlopend | ***Wysheidsirkel*** | Elke Sondag 10:00 |
| Soos aangedui | ***Boekbesprekings*** | 1ste Maandag van die Maand 19:00<br>Jacquesingel 9, Uitzig, Durbanville |
| Soos aangedui | ***Gespreksgroepe*** | Noordelike Voorstede 19:15<br>Lees A Course in Miracles<br>Laaste Donderdag van maand |
| | | Welgemeend Huis, Tamboerskloof 18:00<br>Informele gesprek oor christelike spiritualiteit |
| **Skoolkwartaal** | **17 Januarie - 20 Maart** | **(01/01 Nuwejaar; 21/03 Menseregtedag)** |
| 24-Jan | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| **School Term** | **3 April - 14 Junie (29/3 Goeie V; 1/4 Fam.; 27/4 Vryh.; 1/5 Werkers; 16 & 17/6 Jeug)** | |
| 14-Apr | ***Gewone Jaarvergadering*** | Direk na Wysheidsirkel by Kolping |
| 8 Mei | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| 11 Mei | ***Werkswinkel:*** | Werkswinkel in 2 sessies aangebied |
| | ***Geskiedenis van die Bybel<br>Ou Testament*** | 09:00 - 13:00 by Kolping |
| 18 Mei | ***Werkswinkel:*** | Werkswinkel in 2 sessies aangebied |
| | ***Geskiedenis van die Bybel<br>Nuwe Testament*** | 09:00 - 13:00 by Kolping |
| Junie/Julie | ***Winterhoopprojek*** | MES |
| **Skoolkwartaal** | **9 Julie - 20 September (9/8 Vrouedag; 24/9 Erfenisdag)** | |
| 28-Jul | ***Sosiale Funksie*** | Nog in beplanning |
| 18-Sep | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| **School Term** | **1 Oktober - 11 Desember (16/12 Versoen; 25/12 Kersfees; 26/12 Welwillenheid)** | |
| 27-Oct | **UK -Jaareindfunksie** | 12:00 - 15:00 |
| 06-Nov | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| 09-Nov | **Somerfees** | Lekker samesyn |
| 01-Dec | ***Algemene Jaarvergadering*** | Direk na Wysheidsirkel by Kolping |
| November | ***Somerhoopprojek*** | Huis Jabes |

**Let asb op dat die program details agv onvoorsiene omstandighede mag verander. Meer inligting oor Neo- Spektrum is beskikbaar op die webblad. [www.neospektrum.co.za](http://www.neospektrum.co.za)**
**Kontakpersoon: Edward Smuts: 082 788 1824**

**Edward Smuts: Samesteller**
**ed56chris@gmail.com**

**Chrisna Smuts: Taalversorging**
**chrisna1949@gmail.com**